



Reg geaard

Die skielike afsterwe van ds Makwas van Niekerk het baie mense diep geraak. Hy was lidmaat by Premiermyn en het selfs in sy ouderdom onverbiddelik gestaan in sy aandrang op die suiwer Evangelie alleen. Dit kon nie vir hom maklik gewees het om as emeritus diep in sy tagtigs te sien hoe die Kerk waarin en waaraan hy so hard gewerk het, so op 'n dwaalspoor gaan nie. Hy het die gemeente heelhartig ondersteun toe daar besluit is om onafhanklik te word. Dit het hom ongewild gemaak by die "mense in Pretoria", maar ds Kerneels het sonder verskoning opgestaan vir dit waarvan hy oortuig was. Die huldeblyk deur prof Pont neergepen, vertel iets van sy verhaal. Die Skietlood gaan in hierdie uitgawe net een vraag stel naamlik; Van hoeveel predikante kan dieselfde gestel word? Is dit steeds die ingesteldheid van bedienaars van die Goddelike Woord?

HULDEBLYK : ds CJS van Niekerk , 1924 - 2014. Prof. dr. A D Pont.

Dit is 'n voorreg om met hierdie paar woorde hulde te bring aan ons ontslape vriend, ds. Kerneels van Niekerk ---- 'n man wat 'n leeftyd lank met onderskeiding geleef en gewerk het as 'n Dienaar van die Woord.

Ons het mekaar as teologiese studente aan die Universiteit van Pretoria leer ken en die afgelope sewentig jaar het ons in dieselfde kerklike kring geleef en gewerk. Ons het as jong studente vriende geword in 'n los kringetjie wat aansluiting gevind het by prof. HP Wolmarans se denke en daardeur aangespoor is om self die teologie van Karl Barth en sy tydgenote te verken. Daar het 'n vriendskap ontstaan wat die storm-en-drang van alles wat die laaste sewentig jaar beroer het, oorleef het !

Ds. Van Niekerk het in 1949 sy dienswerk in die Hervormde Kerk in die gemeente

Primrose, aan die Oos-Rand begin. Daar het hy sy eerste spore verdien en as hy in 1952 na Nigel-gemeente verhuis, is hy al 'n bedrewe predikant. Soos baie van ons jong predikante destyds, moes hy daar in Nigel deur harde en toegewyde dienswerk die gemeentelike skuld afbetaal. Daar het hy 'n kultuur van diensbaarheid in die gemeente gevestig wat op sy beurt weer die geestelike groei gestimuleer het.

Dit was uitdagende jare want die Hervormde Kerk was, soos sy lidmate, in 1902 tot die bedelstaf verarm deur die Engelse Oorlog en eers in die veertiger-vyftigerjare van die vorige eeu het ons mense begin ontstaan uit die armoede en het die eerste geslagte Afrikaners wat verstedelik het, hulle tuis gevoel aan die Witwatersrand. Daarom is daar gewerk om kerk en skool in die stedelike komplekse te vestig sodat die Afrikaner sy geestelike koers kon handhaaf. Ds. Gert Roos het met 'n geleentheid, terugskouend oor daardie tyd, gesê : "Ons het nie tyd gehad om baie te studeer nie, ons moes pastorieë en kerkgeboue bou en betaal" !

In daardie omstandighede het ds. Van Niekerk sy spore as predikant verdien en die res van sy lewe 'n positiewe bouer van die kerk gebly. In 1963 verhuis hy en sy gesin na Ottosdal in Wes-Transvaal ---- dié wêreld waar hy in 1924 gebore is. Daar in Ottosdal het hy geleef en werk tot in 1984 toe hy uitgetree het ... Daardie 21 jaar was ook jare van harde werk, want daar was baie gemeentes, wydversprei en min predikante. Maar ds. Van Niekerk was van daardie geslag predikante wat nooit gekla het nie omdat hy te besig was met bou-werk : op die stofflike gebied- maar veral op geestelike gebied.

Interessant is dat ds. Van Niekerk wel emeritaat aanvaar het, maar nooit opgehou

het om sy diens te lewer nie ... Hy het nog vir agt jaar in die gemeente Bosmansrus as predikant gewerk en hier, in die gemeente van Premiermyn, het hy tot aan die einde van sy lewe nog dienswerk verrig, want dit was nie vir hom "werk" nie maar 'n voorreg om in die diens van sy Heer te staan.

As mens so terugkyk tot daar in die vyftigerjare, dan was dit 'n interessante tyd in ons kerklike lewe. Daar was 'n hoë mate van eensgesindheid in teologiese denke wat nie net die kerklike vergaderings inspirerend gemaak het nie, maar ook die kwaliteit van die predikante se dienswerk gestimuleer het. Dit het nie gepaard gegaan met groot ophef nie, want die kerklike lewe is bepaal deur predikante, soos ons ontslape vriend, wat in alles wat hy gedoen het die doel nagestreef het om die Koninkryk van God uit te bou Daarom is daar hard gewerk om die Woord reg te verkondig sodat die evangelie sy loop kon neem. In daardie dienswerk het ds. Van Niekerk 'n leiersrol in die Wes-Transvaalse kerklike lewe en gemeenskap gehad. 'n Mens kan 'n lang lys van organisasies en strukture opstel waar hy sy kragte en insig gegee het om sy medemens te dien en op te bou.

By dit alles moet ons ook hulde bring aan sy eggenote van 1950 af het sy as vrou en moeder die pastorie en huis so bestuur dat haar man sy werk kon doen. Met vyf kinders in die huis was dit geen geringe taak of opoffering selfs, om in pastorie en gemeente haar dienswerk te doen nie.

Samevattend kan gesê word: ds. Kerneels van Niekerk was, wat ons vadere genoem het, 'n reg-geaarde predikant ---- 'n besondere mens, altyd netjies en korrek in alles wat hy gedoen het, beslis, seker van sy standpunt, 'n stewige Afrikaner en soos baie Wes-Transvalers: 'n oortuigde Hervormer. Geen wonder nie dat hy oral as leier aanvaar is, oral bemind was vanweë sy innemendheid omdat hy, as 'n oortuigde predikant, vanuit die vaste fondament van

die evangelie, altyd doelgerig God se saak gedien het

Aan die einde van 'n lang en vrugbare lewe neem ons afskeid van 'n begenadigde dienskneg van die Here en ons is dankbaar dat ons hom geken het, want hy het almal se lewens deur sy woorde, sy voorbeeld en sy daade verryk.

"Die Here het gegee

En die Here het geneem.

Prys die Naam van die Here."

10 Februarie 2014.

Tot sover Prof Pont.

Gun my 'n geleentheid om kortliks uit te brei oor ds van Niekerk se betrokkenheid by Premiermyn. In geloof beteken emeritus nie afgetree nie. Ds van Niekerk was nog aktief betrokke by die aktiwiteite in die gemeente, gereeld betrokke by die Kerkraad en Ouderlinge, kwalik 'n vergadering gemis, betrokke by besluite wat geneem is. Sy kategetiese lesse aan die finalejaars oor die kerkgeskiedenis was lewendig, relevant en opbouend. Dit was vir ons 'n reuse voorreg om saam met hom sy 60e ampsjubileum te vier. Ds van Niekerk het 26 Januarie 2014 op uitnodiging nog deelgeneem aan die dames se byeenkoms en spanbou geleentheid. Op 2 Februarie 2014 lewer hy nog kosbare insette by die ouderlinge- en Kerkraads vergadering. Hy het soveel gehad om te gee en ons het almal dankbaar van sy ervaring, insig en wysheid gebruik gemaak. Ons koester die tyd wat hy aan ons gegun is. Ons kan geen mens tot heilige verklaar nie, geen mens se saligheid verklaar nie. Ons kan wel saam met Paulus bely dat daar vir elkeen wat volhard 'n oorwinnaarskroon by God wag. Met tannie Didi aan sy sy het oom Kerneels volhard. Ons eer sy nagedagtenis.